SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

# GRAANBERGING- & HANTERINGSTARIEWE

# WINTERGRANE

# 2025-2026

KOMMUNIKASIE AAN SSK LEDE EN KLIËNTE

## INHOUDSOPGAWE


1. Kennisgewing ... 3
2. Stoor Tariewe ... 4
3. Standaard Aftrekkings ... 5
   - 3.1 Heffings ... 5
   - 3.2 VervoerDifferensiaal ... 5
   - 3.3 Graad Premies & Kortings ... 5
4. Droging- en Skoonmaakkostes ... 6
   - 4.1 Algemene Inligting Rondom Droging- en Skoonmaakkostes ... 6
   - 4.2 Gewigsaanpassings ... 7
   - 4.3 Drogingskostes ... 8
   - 4.4 Skoonmaakkostes ... 9
5. Algemene Oesreëlings ... 10
   - 5.1 Silo Leweringspunte & Maksikum Vog Innames ... 10
   - 5.2 Silosak Subsidie ... 10
   - 5.3 Logistiek ... 11
   - 5.4 Graangradering & Kwaliteit ... 12
   - 5.5 Administratief ... 13

## 1. KENNISGEWING

### DIENSLEWERING

Elke bemarkingsjaar bring sy eie unieke uitdagings mee, en SSK bly toegewyd aan die handhawing van die hoogste standaarde van diens.

SSK stel hiermee die beskikbare stooropsies en toepaslike tariewe vir die 2025/2026-seisoen bekend vir plaaslike wintergrane, insluitend koring, gars, kanola, hawer, lupiene en korog. Let daarop dat hierdie tariewe nie van toepassing is op ingevoerde wintergrane nie, sodanige produkte sal apart hanteer word.

Hierdie kennisgewing vorm die volledige tariewe vir die gebruik van SSK se stoorfasiliteite. Waar enige bepalings van hierdie kennisgewing in stryd is met die standaard stoorooreenkoms, sal hierdie kennisgewing voorkeur geniet. Die gekose opsies is slegs geldig vir die 2025/2026-seisoen.

Hierdie kennisgewing plaas geen verpligting op die Graansilo-eienaar om enige produk vir stoor te aanvaar nie. Aanvaarding is onderhewig aan die oordeel van die Graansilo-eienaar, wat verskeie faktore soos hul behoeftes, beskikbare stoorplek, en die funksionaliteit van die silo in ag neem.

Alle tariewe hierin sluit BTW teen ‘n koers van 15% uit.

### STOOREENKOMS

Produsente en kliënte word geadviseer om die ondertekening van 'n stoorooreenkoms te verseker en dit terug te stuur na die SSK Graan Administrasie Departement by ons Hoofkantoor in Swellendam voor aanvang van die seisoen.

Stoorooreenkomste is beskikbaar by u naaste Silo of alternatiewelik kontak Graan Administrasie by 028 514 8612/13.

Die ondertekening van die ooreenkoms word sterk aanbeveel in die beste belang van ons produsente en kliënte, aangesien dit dien om alle belanghebbendes se belange deur die geformaliseerde ooreenkoms te beskerm.

**Henry Gale**

**Senior Bestuurder: Graan**

082 440 3304
Henry.Gale@ssk.co.za

## 2. STOOR TARIEWE

### SEISOENALE VS DAGTARIEWE

Die daaglikse stoortarief, asook die seisoentarief, is geldig tot 30 September 2026, waarna die oordragtarief in effek kom. Oordragtarief is geldig vanaf 01 Oktober 2026, vir die vorige seisoen se voorraad.

Die keuse van daaglikse of seisoenale tariewe geskied met aflewering per individuele produsente kontrak, en die keuses kan slegs gratis van daaglikse na seisoenale tariewe verander word tot 31 Januarie 2026. Daarna sal tariewe van toepassing wees teen die eienaar se oordragadministrasiefooi.

| Kommoditeit | Seisoentarief [1] (R/MT) | Hanteringstarief (R/MT) | Dagstoortarief (R/MT) | Oordragtarief (R/MT) |
|---|---|---|---|---|
| Koring [2] | R 251.60 | R 99.00 | R 1.65 | R 2.13 |
| Kanola [3] | R 335.51 | R 192.31 | R 1.65 | R 2.13 |
| Moutgars | R 309.00 | | | R 2.13 |
| Ontbyt Hawer | R 191.50 | R 104.50 | R 1.65 | R 2.13 |
| Voergrane [4] | R 143.50 | R 76.50 | R 1.65 | R 2.13 |

1 *92 dae se dagtarief = seisoentarief in die geval van koring.*
1 *Seisoentarief sluit die hanteringstarief in.*
2 *'n Vervoer tarief vanaf Kleinberg is R 114.00 per ton vir enige nat koring wat by Kleinberg gelewer word.*
3 *Die opsie vir seisoenale en dagstoortariewe is slegs van toepassing op Kanola by SSK Swellendam, Protem, Heidelberg en Krombeksrivier silo's. Dagstoortarief vir Kanola is slegs van toepassing by SSK Ashton, Albertinia en Kleinberg silo's.*
4 *Voergraan volgens SSK-definisie: voergraad gars, voergraad koring, korog, voergraad hawer, en lupiene.*

### BETALING VAN STOORKOSTES

| | Gedurende inname | Gedurende oordrag/ silo sertifikaat |
|---|---|---|
| Koring Seisoenaal | R 99.00 /ton | R 152.60 /ton |
| Moutgars, Kanola, Ontbythawer, & Voergrane Seisoenaal | 100% | |
| Hantering | 100% | |
| Dagstoor | Bereken op daaglikse balanse, maandeliks gekapitaliseer. | |
| Oordragtarief | Bereken op daaglikse balanse, maandeliks gekapitaliseer, vanaf 01 Oktober 2026. | |
| Vervoertarief Nat Koring | 100% | |

| | Eenheid | Fooi |
|---|---|---|
| Eienaar Oorplasing/ Silosertifikaat Uitreikingsfooi | R/MT | R 3.89 |
| *Nota: Geen seisoentarief word op SAFEX-Sertifikate toegelaat nie, slegs SAFEX dagstoortarief.* | | |
| Minimum Eienaar Oorplasing/ Silosertifikaat Uitreikingsfooi | Minimum R/oordrag | R 346 |
| Ad-Hoc Graan Skoonmaakkoste | R/MT | R 168 |
| *(Ad-Hoc Graan skoonmaakkoste is gebaseer op die vuil massa; as die kliënt nie binne 48 uur die sifsels versamel nie, sal SSK die sifsels behou.)* | | |
| Weeg, Gradeer & Dokumenteer | R/vrag | R 1 433 |

### BETAALDATUMS VIR OESTYD

SSK sal vir die 2025/26 SSK Kontrakte weekliks op Vrydae betaal, vir die vorige Vrydag – Donderdag se lewerings. Die betalings sal geskied vanaf 01 Oktober 2025, tot 31 Januarie 2026.

# 3. STANDAARD AFTREKKINGS

## 3.1 HEFFINGS

### STATUTÊRE HEFFINGS

| Wintergrane | Koring (R/MT) | Gars (R/MT) | Hawer (R/MT) | Kanola (R/MT) | Lupiene (R/MT) |
|---|---|---|---|---|---|
| SACTA Statutêre Heffing (South African Cultivar Technology Agency) | R 35.00 | R 35.00 | R 35.00 | | R 35.00 |
| SAWCIA Statutêre Heffing (SA Winter Cereal Industry Agency NPC) | R 12.70 | R 12.70 | R 10.60 | | |

### VRYWILLIGE HEFFINGS

| Wintergrane | Koring (R/MT) | Gars (R/MT) | Hawer (R/MT) | Kanola (R/MT) | Lupiene (R/MT) |
|---|---|---|---|---|---|
| GSA Vrywillige Heffing (GraanSA) | R 5.10 | R 5.10 | R 5.10 | R 7.00 | R 5.10 |

**Statutêre heffings word gevorder by eerste punt van verkope en vrywillige heffings word gevorder by die eerste punt van lewe ring.*

**Indien u beswaar het teen die bydrae van vrywillige heffings aan GSA, moet u asseblief SSK Graan Administrasie skriftelik in kennis stel voor 30 Oktober 2025. In die afwesigheid van sulke beswaar, sal aanvaar word dat die bydraes vrywillig betaal word.**

### GARS RISIKOHEFFING

SSK dra as opberger die grootste deel van die kwaliteit risiko vir moutgars in hul silo's tot aanvaarding deur SABM. Verlies weens afkeurings word bereken as die verskil tussen die ex-Caledon gelewerde moutprys (met dra-koste tot Oktober 2026 ingesluit) en die voergarsprys (afgelei van die mielieprys).

Om hierdie risiko te bestuur, het SSK se direksie enkele jare gelede 'n "moutgars risiko heffing" op alle moutgars ingestel. Vir die 2025/26 seisoen bly hierdie heffing **R100/ton**. Die poel sal na voltooiing afgesluit word en enige balans plus rente (bereken volgens SSK se kredietrekening koers) sal voor 28 Februarie 2027 aan produsente uitbetaal word.

### MOUTGARS PREMIES EN KORTINGS

#### SKEDULE VAN DIE PRYSFAKTOR GLYSKAAL OP STIKSTOF GRADERING VIR DIE 2025 OES VIR DROËLAND GEBIEDE

| Moutgars Droëland | | |
|---|---|---|
| Stikstof % | Prysfaktor Kadie, Malgas | Prysfaktor JackHammer, Jigsaw |
| 1.45% - 1.49% | R -250 | R - |
| 1.50% - 1.55% | R - | R - |
| 1.56% - 1.85% | R 50 | R 50 |
| 1.86% - 2.00% | R - | R - |
| 2.01% - 2.05% | R -250 | R - |

## 3.2 VERVOERDIFFERENSIAAL

Die gepubliseerde vervoer differensiaal vir alle SSK silo's in die Wes-Kaap vir koring is R 792.00 per metrieke ton vir die 2025/2026 seisoen.

## 3.3 GRAAD PREMIES & KORTINGS

### KORING GRAAD PREMIES & KORTINGS

| Graad | Premie/Korting |
|---|---|
| Super | R 125 |
| B1 | Basis |
| B2 | – R 63 |
| B3 | – R 250 |

### HAWER PREMIES EN KORTINGS

Ontbythawer sal ontvang word volgens 'n uniforme standaard soos vereis deur meerderheid van ontbythawer-kopers. Daar sal dus 'n op- en afwaartse skaal vir ontbythawer wees. Voerhawer vorm nie deel van die ontbythawer premies en kortings nie.

| Hektoliter Massa (kg) | Graad | Premie/Korting |
|---|---|---|
| >56 | HS4 | R 200 |
| 55 – 55.9 | HS3 | R 150 |
| 54 – 54.9 | HS2 | R 100 |
| 53 – 53.9 | HS1 | R 50 |
| 52 – 52.9 | H1 | Basis |
| 51 – 51.9 | H2 | -R 50 |
| 50 – 50.9 | H3 | -R 150 |
| 49 – 49.9 | H4 | -R 250 |

# 4. DROGING- EN SKOONMAAKKOSTES

## 4.1 ALGEMENE INLIGTING RONDOM DROGING- EN SKOONMAAKKOSTES

### GRADERINGSPROSEDURE

SSK sal die kwaliteit van die produkte by ontvangste en versending daarvan bepaal op grond van die graderingsregulasies vir elke produk soos bepaal deur die Wet op Landbouprodukte Standaarde van 1980 (die 'graderingsregulasies'), of enige ander toepaslike wetgewing, soos van tyd tot tyd gewysig, asook toepaslike standaarde en metodes in die graanbedryf, en SSK se praktyke wat van toepassing is op die spesifieke silo-fasiliteit en toerusting.

Indien die kwaliteit van die produkte wat deur die kliënt gelewer word, nie aan die voorgeskrewe vereistes vir sulke produkte voldoen nie, mag SSK na eie diskresie besluit of die produkte ontvang kan word. SSK sal hierdie diskresie op 'n redelike wyse uitoefen. Die kliënt moet SSK se gradering as *prima facie* korrek aanvaar, tensy die kliënt sulke gradering onmiddellik dispuut verklaar, in welke geval die dispuut in ooreenstemming met die dispuut prosedure hanteer sal word.

### BEPALING VAN MASSA

SSK sal die massa van elke vrag wat deur die kliënt afgelewer word, of elke vrag wat namens die kliënt versend of afgelaai word, bepaal deur 'n gesertifiseerde massameter te gebruik wat in terme van die Handelsmetrologie Wet 77 van 1973 deur bevoegde owerhede en/of instellings gesertifiseer is. Die kliënte moet die massa bepaling wat op die ontvangsbewyse vertoon word, as *prima facie* korrek en finaal aanvaar, tensy die kliënt, op wie die las van bewys sal rus, teenbewyse lewer.

| Kommoditeit | Droog Basis Vog | Nat Basis Vog |
|---|---|---|
| Koring | 12.5 % | 13.1% |
| Moutgars | 12.5 % | 13.1% |
| Voergars | 12.5 % | 13.1% |
| Kanola | 7.0 % | 8.1% |
| Ontbythawer | 12.5 % | 13.1% |
| Voerhawer | 12.5 % | 13.1% |
| Korog | 12.5 % | 13.1% |

Indien, by aflewering, die voginhoud van die produkte die basis voginhoud oorskry, sal die massa verder aangepas word na die basis voginhoud waarby die verskeie produkte gestoor word.

Indien die voginhoud van die produkte die basis voginhoud oorskry en SSK saamstem om die betrokke produkte te aanvaar, onderworpe aan droging, sal die drogingskoste vir die rekening van die kliënt wees. **Die Silobedryfsbestuurders sal volgens die omstandighede op elke individuele depot die % vog vir inname afwaarts kan aanpas ten einde te verhinder dat droërs agter raak en graan ontvangste as gevolg daarvan periodiek opgeskort moet word.**

## 4.2 GEWIGSAANPASSINGS

### HANTERINGSAANPASSINGS

As gevolg van die kliënt wat die produk op 'n vuil basis lewer, het SSK die reg om die volgende hanteringsaanpassings toe te pas om die netto massa aan SSK gelewer te bepaal:

*Maksikum vog toegelaat: X%*
*Basis vog: Y%*
*Massa aanpassing rakende vog:*
*A x [ (100% - X) / (100% - Y) ]*

***Waar:***
*A = Massa van die vrag (Bruto minus Tara)*
*X = Werklike vogpersentasie*
*Y = Verlangde vogpersentasie*

### GEWIGSVERLIES AANPASSING – SIFSELS

'n Sifsel aftrekking word toegepas gebaseer op die totale sifsels op die vrag. Die persentasie aftrekking is soos uiteengesit hieronder:

***Addisionele sifsel aftrekkings vorm nie deel van die normale sifsel glyskaal nie.*** *Die aftrekking vind slegs plaas waar die kommoditeit se graad in gedrang is. In die geval sal die betrokke Silobestuurder die Kliënt kontak voordat die aftrekking toegepas word en voor die betrokke vrag afgelaai word.*

| Kommoditeit | Sifsel % | % Aftrekking |
|---|---|---|
| **Koring**<br><br>Standaard Aftrekking **0.5%** Glyskaal vir sifsels oor **3%** | 0.0 - 2.99 | 0.50 |
| | 3.0 - 3.99 | 1.50 |
| | 4.0 - 4.99 | 2.50 |
| | 5.0 - 5.99 | 3.50 |
| | 6.0 - 6.99 | 4.50 |
| | 7.0 - 7.99 | 5.50 |
| | 8.0 - 8.99 | 6.50 |
| | 9.0 > = | Volle Sifsel % |
| **Voergars**<br><br>Standaard Aftrekking **0.5%** Glyskaal vir sifsels oor **4%** | 0.0 - 3.99 | 0.50 |
| | 4.0 - 4.99 | 1.00 |
| | 5.0 - 6.99 | 1.50 |
| | 7.0 - 8.99 | 2.00 |
| | 9.0 - 10.99 | 3.00 |
| | 11.0 - 12.99 | 4.00 |
| | 13.0 - 14.99 | 5.00 |
| | 15.0 -16.99 | 6.00 |
| | 17 > = | Volle Sifsel % |
| **Moutgars**<br><br>Standaard Aftrekking **0.5%** Glyskaal vir sifsels oor **3%** | 0.0 - 2.99 | 0.50 |
| | 3.0 - 3.99 | 1.75 |
| | 4.0 - 4.99 | 2.50 |
| | 5.0 - 5.99 | 3.50 |
| | 6.0 - 6.99 | 4.50 |
| | 7.0 – 7.99 | 5.50 |
| | 8.0 – 8.99 | 6.50 |
| | 9.0 > = | Volle Sifsel % |
| **Kanola** | 'n Standaard hanteringsverlies aftrekking van 1% plus 'n verdere 1% vir elke 1% bo 1.0% ten koste van die produsent. | |

| Kommoditeit | Sifsel % | % Aftrekking |
|---|---|---|
| **Ontbythawer**<br><br>Standaard Aftrekking **1.0%** Glyskaal vir sifsels oor **2%** | 0.0 - 2.0 | 1.00 |
| | 2.1 - 3.0 | 2.00 |
| | 3.1 - 4.0 | 3.00 |
| | 4.1 - 5.0 | 4.00 |
| | 5.1 – 6.0 | 5.00 |
| | 6.1 – 7.0 | 6.00 |
| | 7.1 – 8.0 | 7.00 |
| | 8.1 >= | Volle Sifsel % |
| **Hawer** (per gewig en nie % nie) | **Hektoliter Massa** | **% Aftrekking** |
| | > = 52 | 0 |
| | 51.0 - 51.99 | 1.50 |
| | 50.0 - 50.99 | 2.00 |
| | 49.0 - 49.99 | 2.50 |
| | 48.0 - 48.99 | 3.00 |
| **Voerhawer**<br><br>Standaard Aftrekking **0.5%** Glyskaal vir sifsels oor **5%** | 0.0 - 4.99 | 0.50 |
| | 5.0 - 6.99 | 1.50 |
| | 7.0 - 8.99 | 2.50 |
| | 9.0 - 10.99 | 3.50 |
| | 11.0 - 12.99 | 4.50 |
| | 13.0 - 14.99 | 5.50 |
| | 15.0 -16.99 | 6.50 |
| | 17 > = | Volle Sifsel % |
| **Korog**<br><br>Standaard Aftrekking **0.5%** Glyskaal vir sifsels oor **4%** | 0.0 - 3.99 | 0.50 |
| | 4.0 - 4.99 | 1.00 |
| | 5.0 - 6.99 | 1.50 |
| | 7.0 - 8.99 | 2.00 |
| | 9.0 - 10.99 | 3.00 |
| | 11.0 - 12.99 | 4.00 |
| | 13.0 - 14.99 | 5.00 |
| | 15.0 -16.99 | 6.00 |
| | 17 > = | Volle Sifsel % |

## GEWIGSVERLIES AANPASSING – VOG

Die massa waarop produsente vergoed word, is die massa soos werklik bepaal, minus die aansuiwering vir vog en hantering verlies per produk volgens SSK se amptelike glyskaal. Die volgende formules word toegepas gebaseer op die netto gewig van 'n vrag nadat dit gedroog is, naamlik:

$$\text{Netto massa} = \frac{100\% - \text{vog van graan}}{100\% - \text{vog waarna graan gedroog is}} \text{ x vraggewig}$$

| Kommoditeit | Formule |
|---|---|
| Koring (alle grade), Moutgars, Voergars, Korog & Hawer | $\text{Netto massa} = \frac{100\% - \text{vog van graan}}{100\% - 12.5\%} \text{ x vraggewig}$ $= \frac{100\% - \text{vog van graan}}{87.5\%} \text{ x vraggewig}$ |
| Kanola | $\text{Netto massa} = \frac{100\% - \text{vog van kanola}}{100\% - 7\%} \text{ x vraggewig}$ $= \frac{100\% - \text{vog van kanola}}{93\%} \text{ x vraggewig}$ |
| Lupiene | $\text{Netto massa} = \frac{100\% - \text{vog van lupiene}}{100\% - 10\%} \text{ x vraggewig}$ $= \frac{100\% - \text{vog van lupiene}}{90\%} \text{ x vraggewig}$ |

## 4.3 DROGINGSKOSTES

### KORING, KOROG, HAWER & GARS

| Voginhoud (%) | Koring, Korog & Hawer (R/MT) | Gars (R/MT) |
|---|---|---|
| 13.10% | R 41.57 | R 57.48 |
| 13.20% | R 52.79 | R 69.09 |
| 13.30% | R 63.90 | R 80.59 |
| 13.40% | R 75.30 | R 92.39 |
| 13.50% | R 87.00 | R 104.69 |
| 13.60% | R 99.00 | R 117.88 |
| 13.70% | R 110.89 | R 129.99 |
| 13.80% | R 123.08 | R 142.19 |
| 13.90% | R 135.18 | R 154.69 |
| 14.00% | R 149.80 | R 180.70 |
| 14.10% | R 165.35 | R 206.12 |
| 14.20% | R 178.81 | R 229.84 |
| 14.30% | R 191.96 | R 253.76 |
| 14.40% | R 205.21 | R 278.08 |
| 14.50% | R 220.03 | R 305.09 |
| 14.60% | R 233.71 | R 330.01 |
| 14.70% | R 247.49 | R 355.13 |
| 14.80% | R 261.60 | R 380.66 |
| 14.90% | R 275.81 | R 406.17 |
| 15.00% | R 298.43 | R 432.96 |
| 15.10% | R 343.43 | |
| 15.20% | R 365.06 | |
| 15.30% | R 387.45 | |
| 15.40% | R 409.17 | |
| 15.50% | R 432.14 | |
| 15.60% | R 455.15 | |
| 15.70% | R 478.20 | |
| 15.80% | R 501.29 | |
| 15.90% | R 525.16 | |
| 16.00% | R 549.82 | |
| Vir Elke 0.1% bo 16% | R 22.61 | |

**Koring, Korog, Hawer en Gars** word tot op **12.5%** gedroog en sal op 'n ad-hoc basis hanteer word, na die goedkeuring van die Silobestuurder of Bestuurder: Graan.

**Nat Koring by Kleinberg** sal ontvang word tot maksimum **15% vog**. Enige graan wat gedroog word vanaf die Kleinberg Sak Depot sal 'n addisionele **R 114.00 per MT** verlang word om die vervoerkoste van die graan na Albertinia Silo te dek.

**Moutgars bo 15%** voginhoud sal nie aanvaar word nie.

KANOLA

| Voginhoud (%) | Kanola (R/MT) | Voginhoud (%) | Kanola (R/MT) |
|---|---|---|---|
| 8.10% | R 42.07 | 10.10% | R 152.25 |
| 8.20% | R 46.87 | 10.20% | R 159.31 |
| 8.30% | R 51.77 | 10.30% | R 166.19 |
| 8.40% | R 56.55 | 10.40% | R 173.35 |
| 8.50% | R 61.22 | 10.50% | R 180.56 |
| 8.60% | R 66.39 | 10.60% | R 187.83 |
| 8.70% | R 71.59 | 10.70% | R 194.20 |
| 8.80% | R 76.63 | 10.80% | R 201.81 |
| 8.90% | R 81.92 | 10.90% | R 209.46 |
| 9.00% | R 87.46 | 11.00% | R 219.67 |
| 9.10% | R 93.84 | 11.10% | R 232.00 |
| 9.20% | R 98.37 | 11.20% | R 240.04 |
| 9.30% | R 103.19 | 11.30% | R 247.89 |
| 9.40% | R 107.79 | 11.40% | R 255.94 |
| 9.50% | R 112.91 | 11.50% | R 263.89 |
| 9.60% | R 117.62 | 11.60% | R 271.89 |
| 9.70% | R 122.59 | 11.70% | R 280.21 |
| 9.80% | R 128.03 | 11.80% | R 288.07 |
| 9.90% | R 133.97 | 11.90% | R 296.23 |
| 10.00% | R 142.24 | 12.00% | R 307.77 |
| | | Vir Elke 0.1% bo 12% | R 19.13 |

**Kanola** word tot op **7.00%** gedroog en sal op 'n ad-hoc basis hanteer word, na die goedkeuring van die Silobestuurder of Bestuurder: Graan.

## 4.4 SKOONMAAKKOSTES

KANOLA

| Sifsels (%) | Kanola (R/MT) | Sifsels (%) | Kanola (R/MT) |
|---|---|---|---|
| 0.6% - 1.0% | R 0.00 | 6.1% - 7.0% | R 102.50 |
| 1.1% - 2.0% | R 21.27 | 7.1% - 8.0% | R 123.34 |
| 2.1% - 3.0% | R 23.91 | 8.1% - 9.0% | R 145.42 |
| 3.1% - 4.0% | R 37.66 | 9.1% - 10.0% | R 172.39 |
| 4.1% - 5.0% | R 58.62 | Vir elke 0.1% > 10% | R 5.70 |
| 5.1% - 6.0% | R 80.37 | | |

# 5. ALGEMENE OESREËLINGS

## 5.1 SILO LEWERINGSPUNTE & MAKSIMUM VOG INNAMES

Graan met maksimum vog persentasies sal slegs by spesifieke silo's aanvaar word soos uiteengesit hieronder:

| | Swellendam | Heidelberg | Protem | Karringmelks | Ashton | Krombeks | Riversdal | Albertinia | Kleinberg | Herold |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| *Koring – Droog (13%)* | *13%* | *13%* | *13%* | *13%* | *13%* | | *13%* | *13%* | *13%* | *13%* |
| *Koring – Nat (16%)* | *16%* | *16%* | *16%* | *16%* | | | *16%* | *16%* | *15%* | *16%* |
| *Kanola – Droog (8%)* | *8%* | *8%* | *8%* | | *8%* | *8%* | | *8%* | *8%* | |
| *Kanola – Nat (12%)* | *12%* | *12%* | *12%* | | | *12%* | | *12%* | | |
| *S20 Malgas – Droog (13%)* | *13%* | *13%* | *13%* | *13%* | | | | | | |
| *S20 Malgas – Nat (15%)* | *15%* | *15%* | *15%* | *15%* | | | | | | |
| *Kadie – Droog (13%)* | *13%* | *13%* | *13%* | *13%* | | | | | | |
| *Kadie – Nat (15%)* | *15%* | *15%* | *15%* | *15%* | | | | | | |
| *Jigsaw – Droog (13%)* | *13%* | | | | | | | | | |
| *Jack Hammer – Droog (13%)* | *13%* | | | | | | | | | |
| *Grace – Droog (13%)* | | | *13%* | *13%* | | | | | | |
| *Grace – Nat (14.5%)* | | | *14.5%* | *14.5%* | | | | | | |
| *Traveler – Droog (13%)* | | | *13%* | *13%* | | | | | | |
| *Traveler – Nat (14.5%)* | | | *14.5%* | *14.5%* | | | | | | |
| *Overture – Droog (13%)* | | | *13%* | | | | | | | |
| *Overture – Nat (14.5%)* | | | *14.5%* | | | | | | | |
| *Voergars – Droog (13%)* | *13%* | *13%* | *13%* | *13%* | | | *13%* | *13%* | *13%* | *13%* |
| *Voergars – Nat (16%)* | *14%* | *14%* | *14%* | *14%* | | | *14%* | | *14%* | *14%* |
| *Ontbythawer – Droog (13%)* | | *13%* | *13%* | | *13%* | | *13%* | *13%* | *13%* | *13%* |
| *Voerhawer – Droog(13%)* | | *13%* | *13%* | | *13%* | | *13%* | *13%* | *13%* | *13%* |
| *Korog – Droog (13%)* | *Kontak die Senior Bestuurder: Graan (Henry Gale) vir silo leweringspunte vir Korog.* | | | | | | | | | |
| *Lupiene – Droog (13%)* | *Kontak die Senior Bestuurder: Graan (Henry Gale) vir silo leweringspunte vir Lupiene.* | | | | | | | | | |

- **Protem Bunker sal slegs koring ontvang met 'n maksimum vog van 13%.**
- Beplande inname per kommoditeit per vog persentasie kan verander afhangende van die beskikbare kapasiteit by verskeie silo's.
- Vog persentasies bo die maksimum voginhoud hierbo aangedui per kommoditeit per silo, sal slegs by uitsondering aanvaar word deur die diskresie van die Silo Eienaar. Gegewe die risiko vir SSK sal hierdie reëling streng toegepas word.
- Moutgars sal onder geen omstandighede met 'n vog persentasie bo 15.00% ontvang word nie.

## 5.2 SILOSAK SUBSIDIE

SSK bied vir hierdie seisoen weer 'n silosak subsidie aan met die volgende voorwaardes:

Die subsidie geld slegs vir silosakke wat tussen 1 Oktober 2025 en 31 Januarie 2026 aangekoop word. In die sakke mag koring, hawer en voergars (tot 'n maksimum van 13% vog) gestoor word; kanola mag slegs vir 'n maksimum van twee weke teen hoogstens 8% vog gehou word; moutgars mag glad nie gestoor word nie.

Die aankoopprys per sak is R6 750.00 (plus BTW), en mits aan alle voorwaardes voldoen word, sal 'n krediet van R5 000.00 (plus BTW) per sak toegeken word.

Vir die krediet moet minstens 180 ton van die gebergde produk aan SSK teruggelewer word, tesame met minstens 75% van die gebruikte sak se lengte wat onbeskadig en skoon is. Krediete word slegs uitgereik nadat punte oor bergings- en terugleweringsvoorwaardes nagekom is, en geen krediete geld vir sakke of tonnemaat wat ná 31 Januarie 2026 terugbesorg word, of wat voor 1 Oktober 2025 aangekoop is, nie.

Ongebruikte sakke wat in oorspronklike verpakking en bruikbare toestand voor 31 Januarie 2026 terugbesorg word, kwalifiseer vir die volle krediet van R5 000.00. SSK aanvaar geen aanspreeklikheid vir die berging, hantering of inhoud van sakke nie – alle risiko lê by die kliënt. Hierdie dokument (of 'n gewaarmerkte afskrif) dien as bewys en is verpligtend vir enige terugname; geen sakke sal sonder dit aanvaar word nie.

## 5.3 LOGISTIEK

### ONTVANGSTYE

Produsente sal in oestyd gedurende onderstaande tye by die onderskeie SSK depots (Swellendam, Heidelberg, Karringmelksrivier, Protem, Ashton, Krombeksrivier, Riversdal, Albertinia, Kleinberg Sak Depot en Herold) kan lewer vanaf 01 Oktober 2025.

| Ontvangstye | Ure |
|---|---|
| Normale Tye – Maandae tot Vrydae | 07:30 - 17:00 |
| Normale Tye – Saterdae | 08:00 - 12:00 |
| Spitstye – Maandae tot Saterdae | 07:00 - 19:00 |

Wanneer abnormale weersomstandighede ondervind word moet lede hul vergewis van leweringstye by depots, aangesien leweringstye mag verskil van depot tot depot. Leweringstye tydens spitstye en Saterdae sal deurlopend ooreenkomstig die situasie aangepas (verkort of verleng) word. Dit mag ook soms as gevolg van ander redes nodig wees om leweringstye aan te pas. Produsente word dus versoek om deurlopend met die betrokke Silobedryfsbestuurders te kommunikeer met betrekking tot inligting in hierdie verband.

### REËL VAN VERKEER

Die personeel by die graan depots het die reg om verkeer op die silo terrein te reël ten einde vloei van graan by die onderskeie aflaaipunte te vergemaklik en te bespoedig. Vragmotors wat geweeg moet word vir plaaslaai kry ongelukkig geen voorkeur nie en sal in die normale lyn inval vir die weeg en gradeer daarvan.

In gevalle waar die vrag oorlaai is en moet aflaai by die silo of waar opberg voorraad by gelaai moet word, sal die vragmotor na die aflaai van oorlaaide graan of by laai van opberg voorraad weer agter in die lyn inval om geweeg en gegradeer te word.

### PADWEEGBRUE

Alle SSK pad weegbrûe is volgens wetgewing gekalibreer tot 'n totale vrag massa van 60 ton soos voorgeskryf deur die NRCS se standaard SANS 1649:1995. Indien 'n vrag meer as 60 ton weeg sal SSK se weegbrûe geen massa registreer nie en sal die vragmotor sy bakke moet afhak om die kombinasie te weeg. Geen weeg aksie per as sal toegelaat word nie.

Alternatiewelik sal die vrag aflaai word, die tarra massa van die vrag bepaal word en dit afgetrek word van 60 ton as geskatte bruto massa om 'n netto gelewerde massa te kan bepaal.

Die keuse sal by die produsent gelaat word alvorens daar gehandel word met die vrag.

### LEWERING TYDENS REËNWEER

Geen graan sal by depots hanteer word terwyl reënweer voortduur nie.

### NAT GARS OP PLASE

Die berging van nat gars op plase (store, silo sakke, in hope op die land of andersins) veroorsaak stoor swamme met ernstige finansiële implikasies en moet ten alle koste vermy word. Produsente word ernstig versoek om nie voort te gaan met uitdors van nat gars wanneer die silo's by tye ontvangstes tydelik opskort nie. SSK behou die reg voor om moutgars af te keur indien dit volgens SSK se oordeel 'n ontkiemings risiko inhou omrede dit onbehoorlik hanteer is.

### DROËRS OP PLASE

Moutgars produsente met privaat droërs het in die verlede reeds eenparig toestemming verleen dat hulle droërs gesluit word wanneer hul gars oes. Produsente wat nie hieraan gehoor gee nie, plaas SSK en ander produsente op risiko wat ernstige finansiële implikasies inhou.

### LOSMAATHANTERING

Graan sal verkieslik in losmaat ontvang word. Vragmotors/waens moet selfledigend wees sodat dit nie nodig sal wees om graan met grawe af te laai nie. Hierdie is 'n aspek wat die afgelope tyd verwaarloos is en gegewe die klagtes daaromtrent sal dit streng afgedwing word. **Vragmotors wat nie-selfledigend is sal uit die lyn getrek word en sal hanteer word sodra daar nie druk op die aflaai putte is nie**.

## 5.4 GRAANGRADERING & KWALITEIT

### GRADERINGSDISPUTE

Indien dit tydens die monstersproses bevind word dat die vrag om enige rede nie aan die graderingsvereistes voldoen nie, sal die vrag van die lyn verwyder word. Die Silo Bestuurder sal die kliënt kontak, en as 'n konsensus bereik word oor die hantering van die vrag, sal die vrag dan geweeg word vir aflaai.

Indien dit tydens die aflaai proses bevind word dat die vrag om enige rede nie aan die graderingsvereistes voldoen nie, sal die vrag van die aflaai put verwyder word, en 'n nuwe monster sal geneem word van die aflaai put of die produk op die vragmotor, wat ook al beskikbaar is, om sy kwaliteit te bepaal. In gevalle waar die eienaar van die graan nie teenwoordig is nie, sal die Silo Bestuurder die eienaar kontak, en as 'n konsensus bereik word oor die hantering van die vrag, sal die vrag afgelaai word.

Waar graderingsdispute ontstaan en daar nie 'n konsensus bereik kan word tussen die kliënt en die Silo Bestuurder nie, sal die vrag van die lyn verwyder word, en SSK sal 'n onafhanklike gradeerder aanstel om die dispuut te hanteer.

Verskuilde graan lei tot die verwerping/afgradering van die hele lot met ernstige gevolge vir SSK en sy lede. Graan kan by die aflaai punt weer bemonster word, en die graad van die vrag kan hersien word, of die vrag kan in sy geheel verwerp word as sy kwaliteit 'n risiko vir SSK inhou.

### CHEMIESE BEHANDELING VAN GRAAN

Graan wat met chemiese stowwe behandel is, kan onder geen omstandighede afgelewer word nie, aangesien dit kan lei tot die afkeuring van die hele buis. Produsente moet verseker dat hul bulk tenke, weegbrûe, boor, ens., skoon is. Produsente wat chemies behandelde graan aflewer, sal verantwoordelik wees vir die koste van hul eie aflewering sowel as enige ander graan wat dit mee gemeng het. Chemies behandelde graan sal lei tot die afgradering van die hele lot met ernstige finansiële gevolge vir SSK.

### MENGING VAN GARSKULTIVARS

Vanweë die verskillende ontkiemingseienskappe van verskillende garskultivars, is dit nie moontlik om gemengde gars met goeie resultate te mout nie. Gemengde garskultivars word dus as voergars beoordeel. Produsente word aangemoedig om nougesette aandag te gee aan die kultivar suiwerheid van moutgars, aangesien dit tot betekenisvolle verliese kan lei.

### PROTEÏEN EN STIKSTOFBEPALINGS

Proteïenbepalings sal op gesuiwerde monsters gedoen word in die geval van koring nadat alle onsuiwerhede verwyder is. In die geval van gars sal stikstof bepaal word nadat die gars gesif is. Dit kom daarop neer dat slegs die sifsels en onsuiwerhede uit die monster waarop vetkorrels bepaal word, verwyder word en stikstof dan op die res bepaal word.

## 5.5 ADMINISTRATIEF

### GRAAN LEWERINGSKONTRAKTE & LEWERINGSKEUSEBRIEFIES

Om te verseker dat produsente se graan op die regte kontrakte gelewer word, is dit uiters belangrik om aan te dui op watter kontrak en stooropsie die vrag gelewer moet word.

In die geval van 'n produsent wat reeds 'n leweringskontrak met 'n graankoper of bemarker het, sal die graan hanteer word in ooreenstemming met die reëls en regulasies van die stoorooreenkoms en poelreëls (indien van toepassing) wat tussen SSK en u betrokke koper of bemarker gesluit is.

Neem asseblief kennis van die volgende reëlings met betrekking tot u keuse van aflewering gedurende die 2025/26-seisoen:

- Alle produsente moet ‘n graanleweringskeusebriefie invul en saam met elke vrag stuur om sodoende die korrekte lewering en leweringsvoorwaardes te verseker.
- Leweringskeusebriefieboekies sal beskikbaar wees by die depots.
- Kampnommers moet aangebring word op die leweringsbriefie in die geval van kanola en moutgars.
- Indien die keusebriefie nie voltooi word nie, sal die lewering nie aanvaar word alvorens die briefie volledig voltooi is nie of die graan sal op ‘n produsente se eie naam afgelaai word.
- As produsente graan van hul eie naam na ‘n spot kontrak van ‘n spesifieke dag of enige ander kontrak wil oordra, moet dit skriftelik op die voorgeskrewe vorm gedoen word. Indien die skriftelike opdrag nie deur SSK ontvang word nie, kan die produsent nie aanvaar dat die opdrag gefinaliseer en uitgevoer is nie en sal SSK nie verantwoordelik gehou kan word nie.
- Alle eienaam koring graan lewerings sal as standaard op dagtarief basis ontvang word. Ander produkte sal weer as ‘n standaard op seisoen tarief ontvang word. Dit sal verseker dat dit moontlik is om later aan ‘n koper se behoefte ten opsigte van silokoste aan te pas.
- Produsente wat koring vir ‘n langer periode op hul eie naam wil berg en die seisoen tarief verkies, moet SSK (gerig aan Marianne Beyers of Duffy Snyman te SSK, Swellendam) skriftelik sodanig inlig voor 31 Januarie 2026.
- Indien die verandering nie skriftelik voor 31 Januarie 2026 ontvang word nie, sal die dagtarief ten alle tye onveranderd van krag bly tot en met die uitlaai daarvan.
- Alle eie naam lewerings is onderworpe aan ‘n standaard SSK opbergingsooreenkoms wat beskikbaar is vir besigtiging by SSK Hoofkantoor te Swellendam of die silo waar u graan lewer.

### FOUTE OP WEEGBRUGSTROKIES/ AFLEWERINGSNOTAS

Indien daar foute op graanontvangstes is, of as daar iets oor 'n graanontvangste wat u ‘n dispuut wil verklaar, moet dit binne 48 uur na aflewering aan die aandag van die SSK Graan Administrasie Departement (Duffy Snyman of Marianne Beyers) gebring word. Versuim om dit te doen kan daartoe lei dat korreksie nie altyd moontlik is nie, veral as die eienaar van die voorraad verander het.

### BTW

Die uitreik van belastingfakture is ‘n reëling tussen die produsent en die kopers/bemarkers. Die Wet 89 van 1991 vereis dat belasting fakture wat namens ‘n ander party uitgereik word slegs so kan geskied indien beide partye voldoen aan die vereistes soos daargestel deur die kommissaris van die Inkomste Dienste.

## AFREKENINGSPROSEDURE BY SSK

Fondse vanaf kopers sal steeds direk teen u rekening gekrediteer word as 'n voorskot. Indien surplusfondse beskikbaar is of in gevalle waar produsente geen verpligting by SSK het nie, sal die surplusfondse op lede se kredietrekeninge geplaas word. Laasgenoemde sal beteken dat lede rente verdien op surplusfondse vanaf datum van ontvangs. Produsente word versoek om self te verseker dat alle tersaaklike inligting op graan briefies korrek is. Indien foute waargeneem word, word produsente versoek om dit binne die voorgeskrewe tyd aan te meld.

## VOORRAAD OORDRAG, SILOSERTIFIKAAT & UITLAAI INSTRUKSIES

Die oordrag van voorraad en uitreik van silo sertifikate asook die versoek van uitlaai instruksies kan slegs geskied met toestemming van die eienaar van die spesifieke voorraad. Die toestemming kan geskied per skriftelike of telefoniese opdrag van die produsent.

## GRAAN BEMARKING

Vooruit kontrakte vir sekere graan kan met SSK gemaak word deur vir Adelene van Zyl of Henry Gale te kontak voor lewering by 064 754 1778, 082 440 3304 of 028 514 8619, 028 514 8649 of u kan lewer op SSK Spot Pryse wat daagliks by SSK silo's beskikbaar sal wees en ook op SSK Graan se "WhatsApp" groep versprei sal word. Neem kennis dat Adelene van Zyl en Henry Gale se oproepe opgeneem word.

## PASPOORT SISTEEM VIR MOUTGARS EN KANOLA

Voordat moutgars vir SABM en kanola vir Soill by enige silo gelewer kan word, moet produsente 'n volledig voltooide en getekende paspoort inhandig (Aangeheg by moutgars kontrakte en kanola kontrakte). Inhandiging moet plaasvind 2 weke voordat enige lewering kan plaasvind by Soill elektronies in die geval van kanola en by *African Grain Investments* elektronies in die geval van moutgars. Tydens lewering sal SSK 'n verteenwoordigende monster van elke vrag neem en bewaar by die onderskeie silo's vir verdere ontleding en/of nasporing van aspekte wat latere risiko en/of skade vir SSK as silo-eienaar mag inhou. Hierdie monster mag gebruik word om enige risiko's en/of skade te identifiseer as deel van latere dispuut prosedures.

Hierdie prosedure is 'n vereiste ten einde te kontroleer dat geen ongeregistreerde chemiese middels in die produksieproses van moutgars of kanola gebruik is nie. Sulke moutgars of kanola mag onder geen omstandighede gelewer word nie aangesien dit kan lei tot die afkeur van 'n hele buis. Produsente wat sulke gars of kanola lewer, sal sy eie lewering sowel as die ander graan waarmee dit vermeng geraak het, op hul koste moet oorneem.

Enige lewering van kanola of moutgars waarvan die nodige paspoort nie vooraf ingedien is nie, sal noodgedwonge nie by 'n SSK silo ontvang kan word nie.

## KONTAKBESONDERHEDE

| Depot | Kontak Persoon | Kontak Nommer |
|---|---|---|
| Swellendam | Kobus Fourie | 028 514 8678<br>082 389 0204 |
| Protem | Johan Myburgh | 028 514 8697<br>082 389 0128 |
| Karringmelksrivier | Marius Stander | 028 514 8695<br>082 388 8241 |
| Heidelberg | Attie Geldenhuys | 028 514 8741<br>083 381 1421 |
| Ashton | Chris Hess | 028 514 8696<br>082 389 0698 |
| Krombeksrivier | Bertie Swart | 028 514 8950<br>072 107 5084 |
| Riversdal | Rudolf Meyer | 028 713 4942<br>082 524 8667 |
| Albertinia | Marthinus Barnard | 028 735 2639<br>072 104 1732 |
| Kleinberg Sak Depot | Deon Janse van Rensburg | 083 400 7066 |
| Herold | Nico Malan | 044 888 1626<br>072 201 5668 |
| Graan Admin | Marianne Beyers<br>Duffy Snyman | 028 514 8613<br>028 514 8612 |
| Graan Bemarking | Adelene van Zyl | 028 514 8619<br>064 754 1778 |
| Voorraad- en Logistieke Bestuurder | Petrus Boshoff | 028 514 8942<br>082 388 0024 |
| Operasionele Bestuurder | Jason Smith | 028 514 8944<br>060 969 5713 |
| Senior Bestuurder: Saad | Gerdus Steyn | 028 514 8687<br>082 521 4515 |
| Senior Bestuurder: Graan | Henry Gale | 028 514 8649<br>082 440 3304 |
| Hoofbestuurder: Graandienste | Pieter Malan | 028 514 8609<br>082 923 1055 |